

SO MAAK MENS

Goeie grondvoorbereiding is die belangrikste as jy wil tuinmaak. Hier wys ons hoe om dit te doen volgens die natuurlike metode van EM. Dit help nie net om jou groente gesonder en minder vatbaar vir siektes en plae te maak nie, maar dit sal ook 'n beter smaak en 'n langer raklewe hê.

Stap 1 Spit 'n sloot so graafdiepte op die lyn waar jy jou ry groente wil plant. Maak die grond onder in die sloot los met 'n tuinvurk. Gooi 'n dun laagie gepreserveerde kombuisafval (ongeveer 10 cm dik) uit jou bokashi-kombuiskomposdrom in die sloot. Plaas die grond wat jy uitgehaal het direk bo-op die sloot terug, selfs al maak dit 'n effense bultjie. Moenie dit kompakteer nie.

Stap 2 Werk nog kompos by die bo-grond in indien die grondgehalte swak is (soos baie sanderig of vreeslik kleierig). Indien EM nie beskikbaar is nie, spit goeie gesertifiseerde kompos graafdiepte met 'n vurk in waar jy groente gaan plant.

Stap 3 Nou is jy gereed om te plant. Maak gaatjies met 'n tuingrafie sowat



Jou basiese benodigdhede: groenteplantjies, 'n stukkie grond, kompos en tuingereedskap.

een grafielengte van mekaar af. Plaas die plantjie in die gaatjie en druk die grond goed vas nadat jy geplant het.

Stap 4 Strooi 'n deklaag oor en gee dadelik water. Ou blare of droë gras maak 'n heerlike deklaag wat somer later weer kompos word en die grond voed. Moenie nat grassnyls gebruik nie. Onkruid wat opkom, kan jy bloot afknip voor hulle sade maak. Hulle sit waardevolle elemente terug in die grond en word deel van die deklaag en uiteindelik kompos.

Ekstra voeding As jou plante ouer is, sal hulle nog kos benodig. Erdwurmmis en -tee is ideaal daarvoor. Besoek die webtuiste www.motherearthworms.co.za.

Ander organiese bemesting wat ook goed werk, is Neutrog se reeks produkte, waarvan Bounce Back seker die bekendste is. Raadpleeg gerus jou kwekery-assistent om jou raad te gee oor wat die geskikste is vir jou doeleindes, of besoek die webtuiste www.neutrog.co.za vir nog inligting.



WATTER GROENTE?

Koop eerder saailinge as om te sukkel met saad. Koop 'n verskeidenheid uit elke groep (sien die indeling van groentegroep reg). Hou aan die begin by die maklike groente en vergeet vir eers van die ingewikkelder plante soos aartappels of pampoen wat die hele tuin vol rank.

HOE WERK WISSELBOU?

Kies groentes uit elke groep en vervang hulle met iets uit 'n volgende groep wanneer jy nuut plant. Volg altyd dié volgorde wanneer jy nuwe plante plant. Moenie oortegnies raak met allerhande blokke waarin jy die tuin opdeel nie. Hou net by 'n roetine: As jy tans eivrug uit groep 3 het, plant volgende keer bone uit groep 4 in hul plek, ensovoorts. Sodoende hou jy die grond gesond en bekamp jy plae.

GROENTEGROEPE

GROEP 1: WORTEL GROENTE wortels, radyse, rape, beet, uie en preie

GROEP 2: BLAARGROENTE blaarslaaie waarvan jy die blare kan pluk soos nodig, spinasie (veral *Swiss chard*), kool, blomkool, broccoli en Brusselsse spruitjies. Die koolfamilie vaar meestal beter in die koeler maande, en slaai is weer beter vir die somer.

GROEP 3: VRUGTEDRAENDE GROENTE tamaties, eivrug, soet- en brandrissies, murgpampoentjies en mielies. Die meeste van hulle vaar beter in die warmer maande, behalwe eivrug, wat heeljaar werk. Vrugte soos appelfies en boomspanspek (*Solanum muricatum*) werk ook goed in die groentetuin – selfs in potte.

GROEP 4: PEULPLANTE Ertjies en boerboontjies vir die koue maande en boontjies vir die warmer maande. Hulle bou die grond op en voltooi die wisselbousiklus.



■ Cobus Smit is 'n tuinontwerper en tuinboukundige konsultant van Stellenbosch. Hy doen tuinontwerp, -uitleg en -instandhouding, asook geleentheidsdekor en afvalbestuur vir huistuine, sakeondernemings en gesellighe. Stuur tui-navrae, -voorstelle en -wenke per SMS na 078-320-2594 of per e-pos na tuintjong@yahoo.com.